PAARL-SKOOL
VIR NEURAAL GESTREMDE KINDERS

PAARL SCHOOL
FOR NEURALLY HANIDCAPPED CHILDREN

Borgliggaam: BADISA
NG Kerk in SA
Geregistreerde Welsynsorganisasie
Fondsinsamelingsnommer 002-970 NPO
Fund Raising Number 002-970 NPO
Registered Welfare Organisation

PRIVAATSAK/PRIVATE BAG X09
ROGLANDSTRAAT/STREET
BRACKENFELL 7561
TEL:: (021) 9815555/6
FAKS/FAX: (021) 9817833
E-MAIL: admin@paarlskool.org.za

Omsendbrief 2/2016 10 Maart 2016

Geagte Ouers/Voogde

LAASTE WEEK SE REËLINGS EN ANDER BELANGRIKE SAKE

1. **BUSSE**

Soos die gebruik is, sal geen busse Vrydag, 18 Maart 2016 op hulle roetes wees nie.

2. SLUITING VAN SKOOL

Neem asseblief kennis dat die skool **Vrydag, 18 Maart 2016 om 10:00** vir die leerders sluit.

Die skool sluit Donderdag 17 Maart gewone tyd 14:00. Leerders ontvang ook dan hulle rapporte vir die 1ste kwartaal.

3. NUUSBRIEF

U sal ook ‘n volledige nuusbrief volgende week ontvang.

4. LEERDERS BY DIE SKOOL VOOR- EN NA SKOOLURE

Dit is belangrik dat u moet weet dat ons **geen toesig het vir leerders wat voor 07:30** by die skool is nie. Netso is daar **geen toesig vir leerders wat na 14:00 (2nm)** by die skool agterbly nie.

Toesig vir leerders wat aan amptelike sport- en kultuuraktiwiteite deelneem word deur die betrokke personeel gereël.

Baie dankie vir u begrip en ondersteuing om te help om ons leerders veilig te hou.

5. PêRELKLUBLEDE: DONDERDAG 17 MAART 2016

Ons beplan ook ’n lekker pretdag vir die Pêrelklubleerders. Slegs hierdie leerders mag “civvies” dra, swemklere en ’n handdoek saambring. **Onthou die sonbrandbeskerming**!

6. HEROPENING VAN SKOLE: KWARTAAL 2

Let asseblief op dat skole op DINSDAG 5 APRIL 2016 heropen. - **nie op die Maandag nie!**

Paarl-skool groete

STOFFEL KRUGER
HOOF